*Journal of Industrial Psychology, 1992, 18(2), 1-5*
*Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 1992, 18(2), 1-5*

# MOONTLIKE OORSAKE VAN WERKSKUHEID*

**G v d M SIEBERHAGEN**

*Bedryf en Personeelsielkunde*
*PU vir CHO*
*Potchefstroom*

## ABSTRACT

**Possible causes of work-shyness.** From a literature survey possible contributing factors to work-shyness are extracted. Hypotheses as to how the work-shy differs from the working person regarding these factors are then formulated and tested empirically. Results indicate that the work-shy differs significantly from the working individual in terms of childhood and work experiences.

## OPSOMMING

Aan die hand van 'n literatuurstudie word 'n beeld opgebou van en hipoteses ontwikkel oor die moontlike oorsake van werkskuheid deur te verwys na ondervindings waaraan werkskuwes blootgestel word. Hierdie ondervindings word dan empiries vergelyk met dié van die normaalwerkende persoon. Die resultate toon aan dat Suid-Afrikaanse werkskuwes beduidend van normaal-werkende persone verskil wat betref kinderjare- en werksondervindings.

'n Werkskuwe kan omskryf word as 'n persoon wat in staat is om te werk, wat behoort te werk ten einde 'n bestaan te kan maak en vir wie daar geskikte werk beskikbaar is, maar wat nie werk nie, of wat baie ongereeld werk. 'n Werklose persoon, daarenteen, is iemand wat nie werk nie, alleen maar omdat daar geen geskikte werk beskikbaar is nie.

In 'n vorige artikel (Sieberhagen & Raubenheimer, 1990) is 'n beskrywing gegee van 'n ondersoek wat uitgevoer is na enkele biografiese kenmerke van die blanke manlike werkskuwe in Suid-Afrika. Teen die einde van die onderhawige artikel is gemeld dat dit wel moontlik is om die werkskuwe op 'n vroeë stadium te identifiseer deur van bogenoemde biografiese kenmerke gebruik te maak. Dit bied egter nog nie 'n oplossing vir die probleem van werkskuheid nie. Dit sou wenslik wees om te probeer bepaal watter faktore moontlik tot die ontstaan van werkskuheid aanleiding gee. Indien meer hiervan te wete gekom kon word, behoort dit moontlik te wees om sekere voorkomende maatreëls in te stel ten einde te verhoed dat 'n persoon in die eerste plek werksku raak.

Uit die literatuur (wat in der waarheid uiters skaars is) wil dit voorkom asof 'n hele reeks faktore ten grondslag van werkskuheid lê. Heel waarskynlik speel sekere gebeurtenisse/faktore in die kinder- en jeugjare van die werkskuwe persoon, asook sekere werksverwante gebeurtenisse/faktore waaraan die werkskuwe blootgestel was, hierin 'n bepalende rol.

Wat *gebeurtenisse/faktore in die kinder- en jeugjare* betref, wil dit voorkom asof kinders uit *minderbevoorregte huisgesinne* reeds die beroepslewe met 'n agterstand begin (Bieber, 1970, p. 94). Volgens Goldfarb (Singer, 1955, p. 264), Laidlaw (Holloway, 1970, p. 56) en Douglas (Cherry, 1976, p. 219) reflekteer die spanning en onsekerheid wat in gebroke huise bestaan ook later in die beroepslewe. Brentlinger (1936, p. 205), Holloway (1970) en Oberndorf (Skuy, 1969, p. 41) laat blyk dat 'n *gebrekkige ouer-kindverhouding* tot latere werkskuheid mag lei. 'n *Gebrek* aan 'n sterk *rolmodel* met wie 'n skoolkind hom kan identifiseer, bring eweneens moontlike wanaangepaste werksgedrag na vore (Harris, 1961, p. 151; Neff, 1977, p. 299). Volgens Mangine, Royse, Wiehe & Nietzel (1990) en Susser, Struening & Conover (1987) blyk dit dat kinders wat in *pleegsorg* geplaas is 'n groter risiko loop om as volwassenes disfunksionele gedrag (waaronder werkskuheid) te openbaar.

'n *Gebrek* aan die nodige *opvoeding en opleiding* tydens die kinderjare bring mee dat sommige persone eenvoudig nie gereed is vir die beroepslewe nie (Witchel, 1978, p. 44). Volgens Gellman (1961, p. 632) sal die doen van huishoudelike takies en deeltydse werk daartoe bydra om 'n jong persoon se gereedheid vir werk te verbeter. Verder meen Grobbelaar (1972, p. 123) dat die gesin 'n taak het ten opsigte van die aankweek van bepaalde arbeidsgesindhede by die kind. Dieselfde gedagte word uitgespreek deur Harris (1961, p. 151-152), De Witt (1970, p. 826), Yolles, Carone & Krinsky (1975, p. 17) en Wijting, Arnold & Conrad (1977, p. 64). *Onvoldoende skoling en opleiding* blyk 'n bepalende faktor te wees in latere swak beroepsaanpassing (De Witt, 1970, p. 286; Harris, 1961, p. 147). Dit wil ook voorkom asof 'n swakker intelligensie en swakker skoolprestasies geen geringe aandeel hierin het nie.

'n Hele reeks *werks- en werksverwante faktore* mag ten grondslag van werkskuheid lê. So sal 'n *gebrek aan naskoolse opvoeding en opleiding* daartoe lei dat werksprobleme vir 'n betrokke persoon te veel word om te hanteer, met die gevolg dat hy sal verkies om af-en-toe by die huis te bly eerder as om te gaan werk (Wenrich, 1974, p. 24; Yolles, Carone & Krinsky, 1975, p. 7).

*Gedwonge of nie-vrywillige werkloosheid,* waaroor 'n individu geen beheer het nie en wat die gevolg is van personeelvermindering, blyk ook 'n groot rol te speel in latere werkskuheid (Krafchik, 1983; Coston, 1989). Dit blyk die gevolg te wees van 'n verswakking van die (positiewe) instelling teenoor gereelde werk tydens die tydperk van gedwonge werkloosheid. Dit is des te meer merkbaar as die tydperk van werkloosheid te lank raak (Alfano, 1973, p. 333; Cohen, 1972, p. 41; Pieterse, 1958, p. 253; Schweitzer & Smith, 1974, p. 249). Kalish (1966, p. 8) verwys egter na studies waaruit dit blyk dat ten spyte van werkloosheid, (gedwonge) werkloses nog steeds 'n noue verbondenheid met die werksmag openbaar. Verskillende skrywers verwys na die moontlike demotiverende effek wat die *uitbetaling van werkloosheidsversekeringseise* op die (gedwonge) werklose mag hê, in dié sin dat so 'n persoon dan liewers werkloos wil bly en vergoeding daarvoor ontvang as om vir 'n salaris te gaan werk (Antebi, 1979; Benjamin & Kochin, 1979, p. 35; Hill, 1970, p. 193; The global impact of rising unemployment, 1975, p. 47). Harvey en Kargerer (1976, p. 142-143) meen dat dit uiters moeilik is om die werklike uitwerking van werkloosheidsvoordele op die motivering om te gaan werk, te bepaal, aangesien laasgenoemde 'n subjektiewe saak is wat nie spesifiek gekwantifiseer kan word nie. Hierdie besluit hou waarskynlik ook verband met die soort werk

* *Gedeeltelik gebaseer op 'n referaat getiteld: "Die kognitiewe samestelling van die werkskuwe persoon, die grondslag van die patologie en die moontlike opleibaarheid van hierdie persoon", wat gelewer is by die Tweede Nasionale Simposium: "Mannekragontwikkeling vir die nuwe Suid-Afrika" op 3 Oktober 1991 te Pretoria.*

(ongeskoold, halfgeskoold, geskoold, ensovoorts) wat beskikbaar is. Volgens Kaplan en Tausky (1971, p. 476) sal 'n persoon dwaas wees om 'n lae-vlak werk te verrig vir dieselfde salaris as die werkloosheidsvoordeel. 'n Verdere moontlikheid is dat die persoon die *beskikbare werk as minderwaardig* beskou en dat hy na 'n meer betekenisvolle werk strewe. Vir só 'n persoon sal die aanvaarding van werkloosheidsvoordele slegs iets tydeliks wees om hom te help in sy soeke na 'n beter soort werk.

Net soos in die geval van werkloosheidsversekering, blyk dit ook dat wat *siekteverlofvoordele* betref, die *stelsel* waarvolgens dit toegeken word, geen geringe aandeel in werkskuheid het nie (Wallin & Johnson, 1976, p. 390; Yolles, Carone & Krinsky, 1975, p. 48). Ten einde van siekteverlofvoordele "misbruik" te maak, benodig 'n persoon egter 'n *mediese sertifikaat* (gewoonlik wanneer die siekteverloftydperk meer as twee dae duur). Daar sou dus geredeneer kon word dat 'n geneesheer 'n belangrike rol speel in die voorkoms en voorkoming van "gefabriseerde" siekte-afwesigheid. Indien die *geneesheer* egter nie 'n sertifikaat wil uitreik nie, gaan die werkskuwe eenvoudig na 'n ander geneesheer (Antebi, 1979; Balfour, 1971, p. 38).

'n *Besering* wat 'n persoon opdoen terwyl hy *aan diens* is, mag veroorsaak dat so 'n persoon "bang" raak om terug te keer na die werksituasie, veral waar so 'n persoon nog boonop *skadevergoeding* ontvang as gevolg van die besering (Braverman, 1978, p. 46; Naftulin, 1970; Nagi, McBroom & Collette, 1972, p. 26; Schlenoff, 1979, p. 57).

Volgens Hill (1970, p. 192) aanvaar hande-arbeiders nie graag *werk* wat *ver van hulle woonplekke* af is nie, juis omdat vervoerkoste so hoog raak sodat hulle lone tot ver benede die bestaanspeil daal. Hill (1970) meen ook verder dat dit vir sommige persone (weens 'n gebrek aan opvoeding en opleiding) soms nie moontlik is om selfs relatief eenvoudige werk te verrig nie. Indien so 'n persoon nie sodanige werk wil aanvaar nie, word hy (verkeerdelik) as werksku bestempel.

Uit die voorafgaande literatuuroorsig blyk dit dat 'n werkskuwe aan vele negatiewe ervarings blootgestel was. Die doel met hierdie ondersoek was om te bepaal of dit wel die geval is.

## METODE

Ten einde te bepaal of die voorafgaande literatuurbeeld van die moontlike faktore wat ten grondslag van werkskuheid lê met die "werklikheid" in Suid-Afrika ooreenstem, is 'n ondersoek, as deel van 'n groter navorsingsprojek, daarna uitgevoer. 'n Beskikbaarheidsteekproef van geïdentifiseerde blanke manlike werkskuwes in twee rehabilitasiesentrums van die departement Gesondheidsdienste en Welsyn is in die onderhawige ondersoek gebruik. Vir doeleindes van identifikasie is van die verslae van maatskaplike werkers binne en buite die betrokke rehabilitasiesentrums gebruik gemaak, aangesien hierdie werkers noue kontak met die betrokke persone gehad het en op hoogte van hulle werksgeskiedenis en werksgedrag was. Aanvanklik is 104 werkskuwes geïdentifiseer, maar weens 'n verskeidenheid van redes (weiering om deel te neem, drostery, uitplasing, leesprobleme en so meer) is 23 uitgeskakel. Van die 81 wat toetse afgelê en vraelyste ingevul het, is 15 wat nie die ingeboude "kontrole" van 'n biografiese vraelys geslaag het nie, uitgeskakel.

'n Hele reeks meetinstrumente is gebruik om inligting oor die werkskuwe te versamel (Sieberhagen, 1985, p. 167-266). Hier word slegs gerapporteer oor response op die biografiese vraelys waarin vrae met betrekking tot die voorafgaande ondervindings figureer.

Die werkskuwes se response is vergelyk met dié van 261 werkende blanke mans uit 'n aanvanklike monster van 801 wat op 'n sistematiese wyse rekenaarmatig uit die kieserslyste van die Wes-Kaap geselekteer is.

As samevattende nul-hipotese is gestel dat daar geen statistiesbeduidende verskil bestaan tussen werkskuwes en normaalwerkendes wat betref hulle ondervindings nie.

Ten einde die hipotese te toets, is die "normale" groep en die "werkskuwe" groep telkens met mekaar vergelyk ten opsigte van die aantal lede in elke groep op wie die bepaalde biografiese item van toepassing is. Die chi-kwadraattoets is gebruik om die statistiese beduidendheid van die frekwensieverskille te bepaal.

**TABEL 1**
**ITEMS UIT DIE BIOGRAFIESE VRAELYS WAT VERBAND HOU MET DIE VERWAGTE ONDERVINDINGS VAN DIE WERKSKUWE, EN 'N AANDUIDING VAN DIÉ ITEMS OP GROND WAARVAN WERKSKUWES EN WERKENDE PERSONE BEDUIDEND VAN MEKAAR VERSKIL (CHI-KWADRAATTOETS)**

| BESKRYWING VAN ITEM EN 'N AANDUIDING VAN DIE RIGTING VAN VERSKILLE (INDIEN VAN TOEPASSING) | BEDUIDENDHEIDSPEIL | | |
|---|---|---|---|
| | $p < 0{,}05$ | $p < 0{,}01$ | $p < 0{,}001$ |
| **ONDERVINDINGS IN KINDER/JEUGJARE** | | | |
| Ouers se finansiële posisie (werkskuwe s'n beter) | * | | |
| "Werksmodelle" beskikbaar (werkendes het minder beskikbaar gehad) | * | | |
| Aard van vader se beroep (werkskuwes se vaders het meer ongeskoolde werk verrig) | | | * |
| Was in kinderhuis | | | |
| Aantal kinders in ouerhuis (werkskuwes was meer) | * | | |
| Ouers geskei | | | |
| Hoogste skoolstanderd geslaag (werkskuwes laer) | | | * |
| Beskik wel oor naskoolse kwalifikasies (werkskuwes nie) | | * | |
| Aantal kere wat vader werkloos was (werkskuwes s'n meer) | | * | |
| Kwaliteit van beroepsvoorligting op skool ontvang (werkendes s'n van 'n swakker kwaliteit) | | | * |
| Stokkiesdraaiery (werkskuwes meer dikwels) | | | * |
| Gemak waarmee die meeste skoolvakke baasgeraak is | | | |
| Siekte gefabriseer (werkskuwes meer dikwels) | | | * |
| Vader se optrede (werkskuwes s'n meer warm en liefdevol) | | * | |

| BESKRYWING VAN ITEM EN 'N AANDUIDING VAN DIE RIGTING VAN VERSKILLE (INDIEN VAN TOEPASSING) | BEDUIDENDHEIDSPEIL $p < 0{,}05$ | $p < 0{,}01$ | $p < 0{,}001$ |
|---|---|---|---|
| Aantal skoolstanderds gedruip (werkskuwes meer) | | | * |
| Onregverdig deur onderwysers behandel (werkskuwes meer) | * | | |
| Op skool gewerk vir sakgeld | | | |
| Behulpsaam met tuin- en huiswerkies | | | |
| Moeder se optrede | | | |
| Algehele verhouding met moeder (werskuwes s'n swakker) | | * | |
| Algehele verhouding met vader (werkskuwes s'n swakker) | * | | |
| Rondtrekkery deur ouers | | | |
| Ouers geskei | | | |
| Fisiese gestremdheid | | | |
| Bang om skool toe te gaan | | | |
| Deur ouers aangesê om gereeld skool toe te gaan | | | |
| Vader as suksesvol in sy werk waargeneem | | | |
| **WERKS- EN WERKSVERWANTE ONDERVINDINGS** | | | |
| Reeds noodgedwonge werkloos (werkskuwes meer) | | | * |
| Aantal verskillende soorte voltydse werke voor ouderdom 18 jaar (werkskuwes meer) | | | * |
| Hoe dikwels afwesig weens siekte (werkskuwes meer) | | | * |
| Aantal kere ernstig siek sedert eerste werk | | | |
| Aantal kere van woonplek verander (as werkende) | | | |
| Induksie by eerste werk | | | |
| Aard van opleidingsmetode by eerste werk (werkskuwe s'n beter) | * | | |
| Afstand tussen tuiste en jongste werkplek | | | |
| Gemak waarmee werk baasgeraak is | | | |
| Geneesheer se reaksie by versoek om 'n mediese sertifikaat (werkskuwe s'n het makliker uitgereik) | | * | |
| Siekte as verskoning gebruik om van die werk weg te bly (werkskuwes meer) | | | * |
| Werkloosheidsversekeringsuitbetalings as bron van inkomste tydens gedwonge werkloosheid (werkskuwe s'n meer) | | * | |
| In werksongeluk beseer (werkskuwes meer) | * | | |
| Ekstra vergoeding ontvang a.g.v. werksongeluk | | | |
| Reeds by geleentheid 'n "doodloopstraatpos" gevul (werkskuwes meer) | | * | |
| "Doodloopstraatpos" aanvaar omdat daar geen ander werk beskikbaar was nie (werkskuwes meer) | | * | |
| Gebrek aan openbare vervoer tussen tuiste en werksplek as vervoerprobleem (werkskuwes meer) | | * | |

## RESULTATE

Die betrokke items uit die biografiese vraelys wat met die ondervindings van die werkskuwe verband hou, word in Tabel 1 aangetoon. Ter wille van ruimtebesparing word slegs die kerninhoud van elke item weergegee. Dié items op grond waarvan werkskuwes beduidend van werkendes verskil, word met 'n asterisk (*) in die betrokke beduidendheidspeilkolom aangetoon. By elke sodanige item word die rigting van die verskil ook kortliks aangetoon.

Uit Tabel 1 blyk dit dat werkskuwes beduidend van werkende persone verskil met betrekking tot 26 van die 44 items (sewe op die 5%-peil, nege op die 1%-peil en tien op die 0,1%-peil). In die geval van faktore in die *kinder- en jeugjare* is dit interessant dat die werkskuwes meen dat hulle ouers se finansiële posisie redelik goed was. Dit strook egter nie met die bevinding dat hulle vaders meer ongeskoolde werk verrig het nie. Verder meen die werkskuwes dat die beroepsvoorligting wat hulle op skool ontvang het, van 'n goeie kwaliteit was. Tog het die meeste van hulle (24) slegs st. 6 geslaag (Sieberhagen, 1985, p. 160). Hulle oordeel van wat goeie beroepsvoorligting behels, staan dus onder verdenking. Verder het hulle skynbaar ook nie meer as werkendes gesukkel om die meeste skoolvakke baas te raak nie, maar tog het hulle beduidend meer skoolstanders as werkendes gedruip. Werkskuwes meen verder dat hulle vaders baie warm en liefdevol teenoor hulle opgetree het. Dit is egter die teenoorgestelde van wat in gesprekke met die werkskuwes aan die referent meegedeel is, en wat in die lêers, wat in die rehabilitasiesentrums oor

elke persoon gehou word, verskyn. Dit word bevestig deur die bevinding dat die algehele verhouding met hulle ouers ook beduidend swakker was as dié van werkendes. Laastens is die werkskuwes redelik gereeld deur hulle ouers aangesê om skool toe te gaan, maar tog het hulle beduidend meer as werkendes stokkies gedraai (waarskynlik sonder hulle ouers se wete).

Wat *werks- en werksverwante faktore* betref, blyk dit duidelik dat siekte-afwesigheid 'n groot rol in die werkskuwe se lewe speel. Tog was hy nie beduidend meer kere as die werkende persoon ernstig siek nie. Dit blyk verder dat 'n geneesheer redelik maklik 'n mediese sertifikaat aan hom uitgereik het en dat hy meer dikwels siekte as verskoning gebruik het om van die werk weg te bly. Dit blyk ook dat noodgedwonge werkloosheid, beserings aan diens en gevolglike versekeringseisuitbetalings en die vul van "doodloopstraatposte", 'n groot rol in die werkskuwe se (werks-) lewe vervul het. Dit is tog opmerklik dat die werkskuwe se bekendstelling met sy eerste werk nie swakker was as dié van die werkende persoon nie en dat hy meen dat die opleidingsmetode wat daar toegepas is, beter was as dié waaraan die werkende persoon blootgestel was.

Uit die bogenoemde blyk dit duidelik dat daar nie soveel peil getrek kan word op beoordelings wat deur werkskuwes gemaak word nie, aangesien daar teenstrydighede in hierdie beoordelings waarneembaar is. Hierdie beoordelings is ook teenstrydig met die meer "objektiewe" gegewens wat oor werkskuwes beskikbaar is. Die vermoede bestaan dat die werkskuwe se waarneming van die werklikheid verdag is. Dit hou heel waarskynlik verband met sy tiperend swak intellektuele vermoë.

## GEVOLGTREKKING

Ten spyte van bogenoemde teenstrydighede, blyk dit dat daar uit die resultate van hierdie ondersoek heelwat van die nulhipoteses verwerp kon word, nl. dat werkskuwes en normaalwerkendes wel van mekaar verskil ten opsigte van die veranderlikes soos in Tabel 1 uiteengesit.

Uit die resultate van hierdie studie wil dit voorkom asof die werkskuwe aan heelwat negatiewe ervarings blootgestel was. Die vermoede bestaan dat hierdie ervarings geen geringe aandeel gehad het in die ontstaan van werkskuheid nie. Ten einde werkskuheid te voorkom, sou dit wenslik wees om die uitwerking van hierdie ondervindings sover moontlik te minimaliseer, of om persone in die eerste plek sover as moontlik nie aan hierdie ondervindings bloot te stel nie. Hier word aan die volgende gedink: dit is duidelik dat werkskuwes reeds op skool op akademiese gebied nie gevorder het nie. Behoorlike bepaling van vermoëns en aanlegte en voortspruitend daaruit, doeltreffende beroepsvoorligting, behoort reeds 'n verligting teweeg te bring. Indien ouers meer direkte leiding kon ontvang wat kinderopvoeding betref, behoort die verhoudings tussen ouers en kinders ook te verbeter.

Wat werks- en werksverwante faktore betref, blyk dit dat 'n veilige werksomgewing hoë prioriteit behoort te geniet. Die monitor van werksafwesigheid, en die redes daarvoor, sal waarskynlik werkskuheid verhoed. Geneeshere het ook 'n belangrike rol te speel in die voorkoming van "gefabriseerde" siekte-afwesigheid, maar aan die ander kant word erkenning gegee aan die feit dat geneeshere in hierdie verband dikwels in 'n onbenydenswaardige posisie verkeer. Dikwels kan hulle nie eintlik anders as om die "werkskuwe" die voordeel van die twyfel te gee nie. Dit is ook duidelik dat die werkskuwe iets soos noodgedwonge werkloosheid as gevolg van personeelverminderings uiters negatief ervaar. Naskoolse opleiding behoort die "werkskuwe" ook beter toe te rus vir die wêreld van werk, deurdat dit sy kompeterende posisie verbeter.

Werkskuheid is 'n komplekse fenomeen. Die voorafgaande voorstelle ter voorkoming van werkskuheid behoort ook hierdie kompleksiteit, asook die besondere psigodinamika van die werkskuwe, deeglik in ag te neem.

## VERWYSINGS


Alfano, A.M. (1972). A scale to measure attitudes toward working. *Journal of Vocational Behavior, 3,* 329-333.

Antebi, R.N. (1979). *Persoonlike mededeling.*

Balfour, C. (1971, March). The absent millions. *Management Today,* pp. 35; 38, 42; 46; 49; 51.

Benjamin, D.K. & Kochin, L.A. (1979). Voluntary unemployment in interwar Britain. *The Banker, 129,* 33-36.

Bieber, I. (1970). Disorders of the work function: an overview. In J.H. Masserman, (Ed.), *The dynamics of work and marriage* (pp. 92-98). New York: Grune & Stratton.

Braverman, M. (1978). Post-injury malingering is seldom a calculated ploy. *Occupational Health and Safety, 47* (2), 35-48.

Brentlinger, W.H. (1936). The emotional stability of the transient. *Journal of Applied Psychology, 20,* 193-207.

Cherry, N. (1976). Persistent job changing – is it a problem? *Journal of Occupational Psychology, 49* (4), 203-221.

Cohen, G. (1972). The voluntary unemployed. *New Statesman, 83* (2130), 41-42.

Coston, C.T.M. (1989). The original designer label: Prototypes of New York City's shopping bag ladies. *Deviant Behavior, 10*(2), 157-172.

De Witt, A.L. (1970). Man at work. *Personnel Journal, 49* (10), 824-826.

Gellman, W. (1961). The vocational adjustment shop. *Personnel & Guidance Journal, 39* (April), 630-633.

The global impact of rising unemployment. (1975, September 1). *Business week,* pp. 46-47.

Grobbelaar, S.W.P. (1972). Arbeidsopvoeding as taak van die gesin met besondere aandag aan die aankweek van bepaalde arbeidsgesindhede. *Rehabilitasie in S.A., 16* (Des.), 121-123.

Harris, D.B. (1961). Work and the adolescent transition to maturity. *Teachers College Record, 63,* 146-153.

Harvey, B.S. & Kargerer, R.C. (1976). Marginal workers and their decisions to work or quit. *American Journal of Economics and Sociology, 35,* 137-147.

Hill, M.J. (1970, July 30). Are the work-shy a myth? *New Society,* pp. 191-193.

Holloway, J. (1970). *They can't fit in: A study of destute men under thirty in St. George's Crypt, Leeds.* London: Bedford Square Press of the National Council of Social Science.

Kalish, C.B. (1966). A portrait of the unemployed. *Monthly Labor Review, 89* (1), 7-14.

Kaplan, H.R. & Tausky, C. (1971). Work and the welfare Cadillac: The function of and commitment to work among the hard-core unemployed. *Social Problems, 19* (4), 469-483.

Krafchik, M. (1983). Unemployment and vagrancy in the 1930's: Deterrence, rehabilitation and the depression. *Journal of Social Policy, 12,* 195-213.

Mangine, S.J., Royse, D., Wiehe, V.R. & Nietzel, M.T. (1990). Homelessness among adults raised as foster children: A survey of drop-in center users. *Psychological Reports, 67,* 739-745.

Naftulin, D.H. (1970). The psychological effect of litigate on the industrially injured patient. *Industrial Medicine and Surgery, 39* (4), 26-29.

Nagi, S.Z., McBroom, W.H. & Colette, J. (1972). Work, employment and the disabled. *American Journal of Economics and Sociology, 31* (1), 21-34.

Neff, W.S. (1977). *Work and human behavior* (2nd ed.). Chicago: Aldine Publishing Co.

Pieterse, J.E. (1958). *Aangehoudendes in werkkolonies: 'n Sosiologiese ondersoek.* Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Schlenoff, D. (1979). Obstacles to the rehabilitation of disability recipients. *Journal of Rehabilitation, 45* (2), 56-58.

Schweitzer, S.O. & Smith, R.E. (1974). The persistence of the discouraged worker effect. *Industrial & Labor Relations Review, 27* (2), 249-260.

Sieberhagen, G. van der M. (1985). *Die werkskuwe in Suid-Afrika – 'n bedryfsielkundige studie.* Ongepubliseerde proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Sieberhagen, G. van der M. & Raubenheimer, I. van W. (1990). Die blanke werkskuwe in Suid-Afrika: Enkele biografiese kenmerke. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 16* (2), 23-26.

Singer, J.L. (1955). Delayed gratification and ego-development: Implications for clinical and experimental research. *Journal of Consulting Psychology, 19* (4), 259-266.
Skuy, M.S. (1969). *Lack of persistence as a factor contributing to failure in academic performance and in the social sphere.* Unpublished M.A.-thesis, University of the Witwatersrand, Johannesburg.
Susser, E., Struening, E.L. & Conover, S. (1987). Childhood experiences of homeless men. *American Journal of Psychiatry, 144* (12), 1599-1601.
Wallin, J.A. & Johnson, R.D. (1976). The positive reinforcement approach to controlling employee absenteeism. *Personnel Journal, 55,* 390-392.
Wijting, J.P., Arnold, C.R. & Conrad, K.A. (1977). Relationships between work values, socio-educational and work experiences, and vocational aspirations of 6th, 9th, 10th and 12th graders. *Journal of Vocational Behavior, 11* (1), 51-65.
Witchel, S. (1978). Yesterday's nonstudent: Today's nonworker. *Business Horizons, 21* (5), 42-44.
Yolles, S.F., Carone, P.A. & Krinsky, L.W. (1975). *Absenteeism in industry.* Springfield, Ill.: C.C. Thomas.